# Eastern Free State / Oos Vrystaat.

Voorsitter: Pierre Hattingh 083 630 8484 E-Pos : pierre@nnet.co.za

Tessourier: Sarel Reynders 0828097225 E-Pos : sarel.reynders@outlook.com

Sekretaris: Andre Bester 0829259002 E-Pos: codrebdy@internet-sa.co.za 31 Mei 2025

# Nuusbrief/ Newsletter May 2025

**Takbyeenkoms Marquard:**

Die byeenkoms het plaasgevind Donderdag 29 Mei en was goed bygewoon deur 17 spelers.

Ons is hartlik ontvang deur die SAGES lede daar en na ons versterk is deur heerlike koffie/tee en toebroodjies en registrasie afgehandel is, het ons om 9h30 afgeslaan.

Die formaat was IPS met die uitslag as volg:

Wenner : Boy Becker met 38 pnte.

Naas wenner: Isabel Becker met 36 pnte.

3de plek: Sybrand Brink op uittel met 35pnte.

4de plek: Nico Odendaal 35 pnte.

Naaste aan pen op 1/10 en 6/15 Trevor Kahts en Schalk Strydom.

Two Club: Sybrand Brink op 6

Whiskey Draw: Boy Becker. (kan mens die Beckers se geluk glo!..Isabel die vorige draw gewen)

Baie geluk aan al die prys en plek wenners.

Nogmaals dank aan die Marquard lede vir al die uitstekende reëlings rondom die byeenkoms asook aan die restaurant vir die heerlike eetgoed. Die baan was soos altyd in n uitstekende toestand en met die heerlike weer is die dag terdeë geniet deur almal.

**Volgende Byeenkoms is 19 Junie op Ladysmith** wanneer Oos VS, Drakensberg en Natal Midlands teen mekaar kompeteer. Drakensberg is vanjaar die gasheer en ons is die verdedigende kampioene. Uitnodiging sal binnekort uitsgestuur word en u moet asb in groot getalle inskryf. Ladysmith is n heerlike baan met goeie fasiliteite en hul reëlings is altyd puik.

SAGES Nasionale Kampioenskap:

Dit het plaasgevind 12 tot 16 Mei op Bloemfontein en Schoemanpark Buite Klubs.

Oos kon twee spanne van twee pare elk inskryf. Baie geluk aan Pierre, Trevor, Schalk, Sybrand, Boy, Isabel, Eren en Colin wat verkies is om ons te verteenwoordig.

Die uitslae is aangeheg aan die e-pos en u kan daar sien hoe goed ons gevaar het.

Wat uitstaan is die span kompetisie waar ons ‘n 3de plek behaal het met net 1 punt verskil tussen 1ste, 2de en 3de plek. So naby. (1ste en 2de plek uittel op 180 punte, 3de 179 pnte!)

Schalk en Sybrand wenners van dag 1 beterbal paar met Pierre en Trevor in 2de plek

Trevor 19e in individual IPS afdeling. Die res van ons span uitslae in die boonste helfte. Voorwaar uitstekend uit n veld van 280 spelers.

**Algemeen:** Ons dink aan verskeie van ons lede wat gesondheids probleme ondervind en tans besig is om te herstel of wat medies behandel word. Ons bid julle spoedige herstel toe.

Neem asb kennis dat ek en Elaine in die buiteland sal wees vanaf 6 Junie tot einde Julie. In die tydperk sal Voorsitter Pierre en Onder voorsitter Trevor my funksies oorneem en u inlig oor die byeenkomste soos op ons bepalings.

Tessourier Sarel , klere beampte Louise en addisionele lid Danny is in hul poste.

Groete,

Andre Bester.